

Source: LANDBOUWEEKBLAD

Date: 29-Aug-2003

Ref No: 4804



Topic: 19



1

Belasting op landbougrond, ongeag teen watter koers dit gehef word, sal soveel komplikasies hê dat die inkomste wat daaruit verkry word waarskynlik nie die totale koste van die waardering van die grond en die insameling van die inkomste sal dek nie.

So het prof. Johann Kirsten van die Universiteit van Pretoria se departement landbou-ekonomiese, voorligting en landelike ontwikkeling, in 'n voorlegging aan die Parlement se Portefeuilejekomitee vir Provinciale en Plaaslike Regering gesê. (Die komitee

Pleks van die landbou verder te belas, behoort die gemeenskap die landbousektor eerder te betaal vir die dienste wat hy gratis voorsien, meen 'n bekende landbou-ekonomist.

Deur JOHAN FOUCHE

jfouche@landbou.com

ID: 02987121-01	Source Page: 32
-----------------	-----------------

as hulle daarop wys hoe onregverdig die internasionale landbouspeelveld geword het. Ons belas ons landbousektor en verwag van ons boere om internasional mee te ding met boere wat swaar gesubsidieer word en nie eers belas word nie. Ek stel voor dat ons eerder aansporingsmaatreëls skep wat boere of besighede beloon vir dinge wat die Regering en die gemeenskap graag wil sien gebeur," het hy gesê.

Hy stem ook saam met die standpunt dat boere en plaasbewoners min munisipale dienste kry en dat boere in baie gevalle self

'Voorkeurbehandeling vir landbou sinvol'

oorweeg die Wetsontwerp op Munisipale Eiendomsbelasting.)

Hy het gesê die instelling van eiendomsbelasting op landbougrond sal net teen 'n koers van 4% of hoër vir plaaslike owerhede ekonomiese sin maak. Teen só 'n koers sal alle plase se beleggingsopbrengs deur belasting opgevreet word, wat sal beteken dat niemand 'n plaas sal wil besit nie. Dit sal afgrystlike gevolge vir armoedeverligting en voedselsekerheid hê.

Die landbou speel 'n veel wyer rol in die gemeenskap as voedselproduksie, werk-skepping en buitelandse valuta. Amerika, Japan en die Europese Unie regverdig huis dié groot subsidies aan hul boere op grond van hierdie bykomende funksies. Dit sluit in omgewingsbewaring en die bevordering van toerisme, armoedeverligting in plattelandse gemeenskappe en die voorsiening van sosiale dienste.

Die landbou is ook iets waarop stedelinge wat plattelandse eiendom het, kan terugval as hulle hul werk verloor in die geval van makro-ekonomiese krisisse.

Om op gelyke voet met die land se grootste handelsvennote en mededingers te wees, kan Suid-Afrikaanse boere met reg vra om heeltemal van eiendomsbelasting vrygestel te word, of dan belasting teen 'n marginale koers van sowat 0,1% op die verbeterde waarde van die grond te betaal. Hierdie waarde moet nie verbeterings soos staande gewasse, wingerde en boorde insluit nie.

Prof. Kirsten het gesê die standpunt dat hierdie verbeterings nie vir die doel van eiendomsbelasting by die waarde van die eiendom gevoeg word nie, is sinvol. Die verkope van byvoorbeeld graan en vrugte word deur inkomste- of maatskappybelasting gedek. Die veranderende aard daarvan

sal waardeerders se werk ook moeilik maak.

Oor die invloed van eiendomsbelasting op die waarde van landbougrond, sê hy landbou-ekonomie reken dat die gemiddelde opbrengs op landbougrond sowat 5% is, wat nie vir beleggers aantreklik is nie. Enige belasting op hierdie grond sal die beleggingsopbrengs verder verlaag en beleggings nóg onaantrekliker maak. Belasting teen 'n koers van meer as 0,5% sal 'n beduidende nadelige uitwerking op die waarde van grond en dus op die belastingbasis hê.

Wat die belastingkoers betref, het die baie van die voorleggings aan die portefeuilejekomitee melding gemaak van munisipaliteite wat belasting teen 'n koers van 2% op landbougrond hef, en die nadelige effek wat dit reeds het. Prof. Kirsten meen die komitee moet die feit dat landbougrond in baie lande van belasting vrygestel is, of teen 'n baie lae koers belas word, deeglik in ag neem.

Produksiekoste

In die openbare sittings het verskeie belanghebbendes daarop gewys dat verpligtinge, soos hoër watertariefe, tolgeld, streeksdiensteraadheffings, boedelbelasting, belasting op diesel en BTW, in buitengewoon swaar belastingglas op Suid-Afrikaanse boere plaas. Dit, tesame met minimum lone, skerp stygings in produksiekoste en duurder elektrisiteit, maak dit vir die land se landbousektor ál moeiliker om internasionaal mee te ding. Eiendomsbelasting sal produksiekoste verder verhoog.

Prof. Kirsten het gesê hierdie argumente kan maklik as tipiese klagtes van boere geïnterpreteer word.

"Hoewel daar 'n element hiervan in van die voorleggings te sien is, is boere baie reg

dienste voorsien, soos paale, water, vullisverwydering, klinieke en skole, wat deur plaaslike regerings of streeksdiensterade voorsien behoort te word. Die gemeenskap beloon boere nie hiervoor nie.

Omdat boere ook nie soveel voordeel trek uit gemeenskapsdienste, soos biblioteke, straatligte en nooddienste nie, kan nie van hulle verwag word om dieselfde tariewe te betaal as mense wat op die dorp of in die stad woon nie.

Die meeste voorleggings aan die komitee het melding gemaak van die Strategiese Plan vir die Landbou en hoe belasting op landbougrond die ideale van dié plan kan ondermy, veral ten opsigte van "globale mededingendheid en winsgewendheid".

Prof. Kirsten meen hoe grondbelasting kan moontlik 'n nadelige invloed hê op een van die sleutelprogramme van die plan, naamlik "die vermindering van die algehele produksiekoste", wat 'n belangrike komponent van 'n strategie vir groter mededingendheid is. As dit nie bereik word nie, is dit waarskynlik dat die volgende strategiese gevolge van die plan geraak sal word:

- Toenemende welvaartskeletal in die landbou en plattelandse gebiede.
- Verhoogde volhoubare werkverskaffing.
- Verhoogde inkomste en verdienste van buitelandse valuta.
- Groter beleggersvertroue wat tot verhoogde plaaslike en buitelandse beleggings in landboubedrywighede en plattelandse gebiede moet lei.
- Trots en vertroue in die landbou as 'n beroep en 'n sektor.

"Die instelling van grondbelasting kan moontlik groot onvoorsiene gevolge hê en die aantreklikheid van die landbou as 'n lewensvatbare sektor in die ekonomiese vergaag," is prof. Kirsten se gevolgtrekking.